

5 Januarie - AANROEP

Skrifgedeelte: Romeine 10 (OAV)
Fokusgedeelte: Romeine 10:12-14

Om God te mag aanroep, is een van die grootste gawes wat ons ooit van God kon ontvang. Kan u u indink as ons nie tot God kon nader, as ons Hom nie kon aanroep nie? Dit is ondenkbaar!

In Romeine 10 praat Paulus met sy mense, sy eie volksgenote. Hy bid dat hulle ywer vir God sal hê. Dit hinder hom (Paulus) dat hulle sonder kennis is. En daarom wil hy sekere sake in hierdie gedeelte baie duidelik maak. Hy bevestig aan hulle dat hulle in die nood van hulle sondes God *moet aanroep* om gered te word.

Daardie wil om Hom aan te roep, kom deur die geloof, en daardie geloof kom deur die hoor van die Woord. Hierdie geloof, naamlik kennis en vertroue, stel ons in staat om na God te roep – om Hom aan te roep. Deur te luister na die gepredikte woord, *roep God* ons, sodat ons Hom kan *aanroep*. Dit is waarmee die kerk haar moet besig hou.

Vandag glo baie mense dat geloof kom deur dit wat hulle sien: wonderwerke, wondergenesings, praat in tale en sogenaamde gawes van die Gees. Die Skrif leer anders: die geloof kom deur hulle wat God aanroep omdat hulle geroep is.

- God roep die sondaarmens: dit is *roeping*.
- In antwoord op hierdie roeping roep die mens God aan: dit is *geloof*.

God roep mense deur die werking van die Heilige Gees tot geloof en bekering. Die mens wat na Satan toe weggeloop het, word as 't ware weer teruggeroep.

Daarom is die gawe om God te mag aanroep so 'n geweldige groot genade. Dink net – as God ons nie geroep het nie, sou ons Hom nooit kon aanroep nie!

Sing: Psalm 86:3 (1936-beryming)

Ds JG Noëth (Kimberley)